# Verwelkomingsdag stel ouers en eerstejaars bekend aan hul nuwe akademiese tuiste

Deur Emmerentia Nel

Gelaai op 21 Januarie 2008



Rektor en Vise-Kansellier, Prof. Calie Pistorius, het met die eerstejaars gepraat oor die groot uitdagings wat studente konfronteer wanneer hulle vir die eerste keer by ‘n universiteit inskryf. Hy het die nuwelinge verseker dat die Universiteit alles in sy vermoë sal doen om te verseker dat studente die ondersteuning kry wat hul nodig het om seker te maak dat hul in hulle nuwe omgewing inskakel en ‘n sukses van hul studies maak.

“Een van die dinge wat by UP belangrik is, is die mate waarin ons verseker dat elkeen werklik welkom voel op ons kampusse; welkom in die akademiese konteks; in ‘n godsdiens konteks en ook in die sosiale konteks,” het Prof Pistorius aan ‘n volgepakte Amfiteater gesê.

Die rektor het ook klem gelê op die akademiese uitmuntendheid in leer en onderrig wat so eie is aan die Universiteit van Pretoria en die gehoor verseker dat UP die suksesse van die afgelope 100 jaar sal voortsit en uitbou.

Studente en ouers het nie net die inligtingsessie deur die rektor bygewoon nie, maar het ook die geleentheid gehad om hul nuwe fakulteite te besoek, op kampus toere te gaan en met studente leiers en organisasies te praat oor kampuslewe.

Prof Pistorius, Prof Susan Adendorff van die Alumniraad en Molatelo Thebe – die top matrikulant wat ingeskryf het by die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie – het ook drie Swartbasbome geplant as deel van die tradisie dat elke jaargroep inheemse bome op die kampus plant wat deel word van hulle geskiedenis.

Kliek hier vir die rektor se volledige toespraak.